OOREENKOMS

1 **PARTYE**

Hierdie ooreenkoms word gesluit deur en tussen

1.1

(hierna genoem die EERSTE PARTY)

en

1.2

(hierna genoem die TWEEDE PARTY)

2 **AGTERGROND EN DOELSTELLING**

Die partye hiertoe boekstaaf dat

2.1 hulle sedert 14 Desember 1994 'n saamleef-verhouding het as man en vrou,

2.2 die partye by wyse van hierdie ooreenkoms voorsiening wil maak vir die gevolge en voorwaardes van hulle saamwoon-verhouding.

3 **DIE PARTYE SE WEDERSYDSE VERPLIGTINGE**

3.1 Behalwe soos in hierdie ooreenkoms uitdruklik tot die teendeel bepaal word, sal elke party sy eie uitgawes dra en in sy eie lewensbehoeftes voorsien.

3.2 Die EERSTE PARTY onderneem om gratis inwoning in sy woonhuis aan die TWEEDE PARTY en haar minderjarige kind te verskaf, en voorts alle huishoudelike uitgawes, uitgesonderd ten opsigte van voorsiening van klerasie, te dra.

3.3 Laasgenoemde bepaling beteken egter nie dat die TWEEDE PARTY geregtig sal wees om die EERSTE PARTY se krediet in enige opsig te verbind nie. Met die oog op delging van huishoudelike uitgawes en voorsiening aan huishoudelike noodsaaklikhede sal die EERSTE PARTY sodanige maandelikse toelaag as wat in sy uitsluitlike diskresie sal berus, van tyd tot tyd aan die TWEEDE PARTY beskikbaar stel, uit welke toelaag die TWEEDE PARTY voorsiening vir voorgaande uitgawes en behoeftes moet maak.

3.4 Die TWEEDE PARTY sal uit haar eie inkomste of kapitaalreserwes voorsiening maak vir haar en haar kinders se klerasie en die kinders se opvoedkundige uitgawes en behoeftes.

3.5 Die partye boekstaaf hiermee uitdruklik dat geen universele vennootskap van enige aard tussen hulle bestaan nie en geen party sal na sluiting van hierdie ooreenkoms hom/haar op die bestaan van sodanige vennootskap kan beroep behalwe indien dit skriftelik

gesluit is onder handtekening van die partye hiertoe nie.

3.6 Die TWEEDE PARTY sal haar nooit op die EERSTE PARTY of sy boedel kan beroep vir die betaling van enige onderhoud hoegenaamd nie, ondanks enige bepaling in hierdie ooreenkoms vervat. Geen party sal voorts enige eis van enige aard teen die ander hê behalwe ten opsigte van sodanige nalatenskap ten gunste van die langslewende party as wat uitdruklik in die eerssterwende party se testament vervat mag wees nie.

3.7 Elke party sal uitsluitlik en volledig vir sy of haar mediese uitgawes verantwoordelik wees, behalwe dat die EERSTE PARTY sal poog (sonder om hom daartoe verbind) om die TWEEDE PARTY as afhanklike geregistreer te kry in terme van sy mediese hulpfonds.

4 **BEWONINGSREG**

Behalwe in soverre 'n ruimer vergunning vervat mag wees in die EERSTE PARTY se testament, in welke geval aan sodanige ruimer bepaling uitvoering gegee sal word, sal die TWEEDE PARTY na afsterwe van die EERSTE PARTY, indien hy die eerssterwende is, geregtig wees om vir 'n tydperk van minstens ses maande na die EERSTE PARTY se afsterwe kosteloos in die EERSTE PARTY se woonhuis, wat die party tans bewoon, aan te bly.

5 **VOLLE OOREENKOMS EN WYSIGING DAARVAN**

Hierdie ooreenkoms verteenwoordig die volledige ooreenkoms tussen die partye, en geen afstanddoening van enige van die partye se regte, of enige wysiging van enige voorwaarde van hierdie ooreenkoms, sal bindend of afdwingbaar wees tensy dit op skrif gestel en deur beide partye onderteken is nie.

GETEKEN te RUSTENBURG op hierdie _____ dag van ###.

AS GETUIES :

1. _____ _____
EERSTE PARTY

2. _____

GETEKEN te RUSTENBURG op hierdie _____ dag van **AUGUSTUS 1999**.

AS GETUIES :

1. _____ _____
TWEEDE PARTY

2. _____